"Ons het 'n tydstip in die geskiedenis van ons land bereik waar die mense deur hul vasberadenheid begin om die land om te draai... Dit is nou die tyd vir ons almal om saam te werk ter ere van Nelson Mandela, om 'n nuwe, beter Suid-Afrika vir almal te bou."

- **President Ramaphosa by die Staatsrede (2018)**

"Daarom het ons besluit dat die verhoging van BTW onvermydelik is as ons die integriteit van ons staatsfinansies wil handhaaf."

- **Minister Gigaba**

1. Persoonlike inkomstebelasting

Ter erkenning van die beleërde finansiële posisie waarin die belastingbetaler verkeer, is daar in vanjaar se Begroting geen aanpassings aan die boonste vier inkomstebelastingkategorieë nie, terwyl aanpassings aan die onderste drie kategorieë laer as die inflasiekoers is. Die tabel hieronder illustreer die aangepaste belastingskale van toepassing op individuele belastingbetalers en spesiale trusts vir die 2018/2019-belastingjaar.

Belastingkoerse vir natuurlike persone en spesiale trusts 2018/2019-belastingjaar	
Belasbare inkomste	**Belastingkoers**
R0 - R195 850	18% van belasbare inkomste
R195 851 - R305 850	R35 253 + 26% van belasbare inkomste bo R195 850
R305 851 - R423 300	R63 853 + 31% van belasbare inkomste bo R305 850
R423 301 - R555 600	R100 263 + 36% van belasbare inkomste bo R423 300
R555 601 - R708 310	R147 891 + 39% van belasbare inkomste bo R555 600
R708 311 - R1 500 000	R207 448 + 41% van belasbare inkomste bo R708 310
R1 500 001 en meer	R532 041 + 45% van belasbare inkomste bo R1 500 000

Vanaf 1 Maart 2018 word alle trusts behalwe spesiale trusts teen ’n vaste koers van 45% belas.

Belastingkortings		
	2017/2018-belastingjaar	**2018/2019-belastingjaar**
Primêre korting	R13 635	R14 067
Sekondêre korting (ouderdom 65 tot onder 75)	R7 479	R7 713
Tersiêre korting (ouderdom 75 en ouer)	R2 493	R2 574

Belastingdrempels		
	2017/2018-belastingjaar	**2018/2019-belastingjaar**
Onder ouderdom 65	R75 750	R78 150
Ouderdom 65 tot onder 75	R117 300	R121 000
Ouderdom 75 en ouer	R131 150	R135 300

Dit beteken dat ’n belastingbetaler wat minder as hierdie drempels verdien, geen inkomstebelasting in die 2018/2019-belastingjaar sal betaal nie.

Die voorbeelde hieronder illustreer die impak van die voorgestelde veranderings op individue jonger as 65:

Belastingimpak vir persone jonger as 65				
Belasbare inkomste (R)	**2017/18-koerse (R)**	**Voorgestelde 2018/19-koerse (R)**	**Belasting-verandering (R)**	**%-verandering**
150 000	13 365	12 933	-432	-3.2%
300 000	49 348	48 265	-1 083	-2.2%
500 000	115 824	113 808	-2 016	-1.7%
750 000	212 490	210 474	-2 016	-0.9%
1 000 000	314 990	312 974	-2 016	-0.6%
1 500 000	519 990	517 974	-2 016	-0.4%
2 000 000	744 990	742 974	-2 016	-0.3%

2. BTW

Fiskale skuld + groter maatskaplike welsyn + onderwysverpligtinge = BTW-verhoging van 1%.

Daar word voorgestel dat BTW vanaf 1 April 2018 van 14% tot 15% verhoog word.

Die verhoging is nodig om nuwe bestedingsverpligtinge te dek en verdere erosie van die staatskas te voorkom. BTW is laas in 1993 aangepas, en is laer as die gemiddelde koerse van Afrika en die wêreld.

Die BTW-voorstel sal die lewenskoste van alle huishoudings verhoog. Die nulkoers op basiese voedselsoorte en paraffien sal egter die uitwerking op die armes versag. Hulle sal verdere hulp kry deur die verhoging van maatskaplike toelaes bo die inflasiekoers. Die welvarendste 30% van huishoudings dra 85% van die BTW-inkomste by.

Die regering stel voor dat die BTW-wet vanaf 1 April 2018 gewysig moet word om die oorspronklike bedoeling van die beleid te weerspieël – dat slegs bruin- en volgraanbrood 'n nulkoers sal hê. Produkte soos rogbrood en brood met 'n lae GI, wat oor die algemeen deur welvarender huishoudings verbruik word, sal aan BTW onderhewig wees.

3. Boedelbelasting en Skenkingsbelasting

Ooreenkomstig die Davis-belastingkommissie se aanbevelings, en in ooreenstemming met die progressiewe struktuur van die belastingstelsel, stel die 2018-Begroting voor dat boedelbelasting soos volg verhoog word (met ingang van 1 Maart 2018):

- 20% op die eerste R30 miljoen in 'n belasbare boedel; en
- 25% op die waarde bo R30 miljoen in die belasbare boedel.

'n Basiese aftrekking van R3.5 miljoen word steeds as 'n korting toegelaat in die berekening van 'n belasbare boedel na aftrekking van laste, bemakings aan openbare weldaadsorganisasies en bemakings aan gades.

Die tabel hieronder illustreer die belasting van die belasbare boedel na die aftrekkings en korting:

Boedelbelastingkoerse vir persone wat op of na 1 Maart 2018 sterf	
Belasbare boedel	**Boedelbelastingkoers**
R0 - R30 000 000	20% van elke R1
R30 000 001 en meer	R6 000 000 + 25% van belasbare boedel bo R30 000 000

Enige skenkings bo R30 miljoen per belastingjaar sal ook vanaf 1 Maart 2018 teen 25% belas word. Die eerste R100 000 wat deur 'n natuurlike persoon geskenk word, en die eerste R10 000 wat deur 'n skenker anders as 'n natuurlike persoon per belastingjaar geskenk word, word steeds vrygestel van skenkingsbelasting.

Die tabel hieronder illustreer die belasting van skenkings na bogenoemde vrystellings:

Skenkingsbelastingkoerse vir skenkings op of na 1 Maart 2018	
Belasbare skenking	**Skenkingsbelastingkoers**
R0 - R30 000 000	20% van elke R1
R30 000 001 en meer	R6 000 000 + 25% van belasbare skenking boR30 000 000

4. Kapitaalwinsbelasting (KWB)

Insluitingskoerse bly onveranderd en is soos volg:

- Individue en spesiale trusts: 40%
- Maatskappye: 80%
- Trusts (behalwe spesiale trusts): 80%

Die effektiewe kapitaalwinsbelastingkoerse is soos volg:

- Individue en spesiale trusts: 18%
- Trusts: 36%
- Maatskappye: 22.4%

Die jaarlikse uitsluiting vir individue bly R40 000, en R300 000 in die jaar van afsterwe.

5. Rentevrystelling

Die vrystellingsdrempels vir rente bly soos volg:

- R23 800 per jaar vir belastingbetalers wat jonger as 65 is, en
- R34 500 per jaar vir belastingbetalers van 65 jaar en ouer.

Die verwagting is dat hierdie bedrae in die toekoms onveranderd sal bly.

6. Dividendterughoubelasting

Die plaaslike dividendterughoubelastingkoers bly onveranderd op 20%.

7. Belasting van klein sakeondernemings

Die belastingkoerse vir **klein** sakeondernemings (met bruto inkomste van hoogstens R20 miljoen) met finansiële jaareindes op enige datum tussen 1 April 2018 en 31 Maart 2019 is soos volg:

Belastingtabel van toepassing op klein sakeondernemings[1]	
Belasbare inkomste (R)	**Belastingkoers (R)**
R0 – R 78 150	0% van belasbare inkomste
R78 151 – R 365 000	7% van belasbare inkomste bo R78 150
R365 001 - R550 000	R20 080 + 21% van belasbare inkomste bo R365 000
R550 001 en meer	R58 930 + 28% van belasbare inkomste bo R550 000

[1] Dit lyk of die tabel op die SAID se webwerf en hul belastinggids oor die 2018-Begroting (*2018 SARS Budget Tax Guide*) verskil. Die inligting in hierdie tabel verteenwoordig die tabel in die SAID se belastinggids.

Die belastingkoerse vir **mikro**-ondernemings (met 'n omset van hoogstens R1 miljoen per jaar) met finansiële jaareindes op enige datum tussen 1 Maart 2018 en 28 Februarie 2019 is soos volg:

Belastingtabel van toepassing op omset van mikro-ondernemings	
Belasbare omset (R)	**Belastingkoers (R)**
R0 - R335 000	0% van belasbare omset
R335 001 - R500 000	1% van belasbare omset bo R335 000
R500 001 - R750 000	R1 650 + 2% van belasbare omset bo R500 000
R750 001 en meer	R6 650 + 3% van belasbare omset bo R750 000

8. Hereregte

Die koerse vir hereregte bly onveranderd op:

Hereregtekoerse	
Waarde van eiendom (R)	**Belastingkoers (R)**
R0 – R900 000	0% van eiendomswaarde
R900 001 - R1 250 000	3% van eiendomswaarde bo R900 000
R1 250 001 - R1 750 000	R10 500 + 6% van eiendomswaarde bo R1 250 000
R1 750 001 - R2 250 000	R40 500 + 8% van eiendomswaarde bo R1 750 000
R2 250 001 - R10 000 000	R80 500 + 11% van eiendomswaarde bo R2 250 000
R10 000 001 en meer	R933 000 + 13% van eiendomswaarde bo R10 000 000

9. Mediese belastingkrediete

Vanaf 1 Maart 2018 is die aanvanklike maandelikse belastingkrediet (vir bydraes tot mediese skemas) vir alle belastingbetalers R310, en vir 'n belastingbetaler en sy/haar eerste afhanklike is dit R620. 'n Addisionele maandelikse krediet van R209 word aan elke addisionele afhanklike toegestaan. Hierdie verhogings in die mediese belastingkrediete is benede die inflasiekoers.

Vir belastingbetalers wat jonger as 65 is, sal 'n addisionele belastingkrediet toegestaan word teen 'n bedrag gelyk aan 25% van die somtotaal van:

- die bedrag waarmee hul bydrae vier keer hul belastingkrediet (vir bydraes) oorskry, plus
- uitgawes uit hul eie sak

bo 7.5% van hul belasbare inkomste (enige aftreefonds-enkelbedragvoordeel, aftreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordeel en skeidingsvoordeel uitgesluit).

Vir belastingbetalers wat 65 of ouer is, of wat gestrem is of gestremde afhanklikes het, sal 'n addisionele belastingkrediet toegestaan word teen 'n bedrag gelyk aan die somtotaal van:

- 33.3% van die bedrag waarmee hul bydrae drie keer hul belastingkrediet (vir bydraes) oorskry, plus
- 33.3% van uitgawes uit hul eie sak.

Die addisionele belastingkrediet wat aan werknemers van 65 jaar en ouer ten opsigte van hul bydraes tot mediese skemas toegestaan word, kan ook in die maandelikse LBS-berekenings in ag geneem word. Hierdie fasiliteit word ook aan voorlopige belastingbetalers van 65 jaar en ouer toegestaan.

Waar meer as een belastingbetaler tot die mediese skema of mediese uitgawes van 'n derde party bydra (byvoorbeeld volwasse kinders wat gesamentlik tot 'n ouer se mediese skema bydra), kan hulle uitermatig bevoordeel word deur hierdie korting. Daarom word voorgestel dat die mediese belastingkrediet proporsioneel tussen bydraende belastingbetalers verdeel moet word waar hulle 'n deel van die mediese skemabydrae of mediese uitgawes dra.

Die mediese belastingkrediet-stelsel sal hersien word wanneer die Davis-belastingkomitee sy aanbevelings voorlê.

10. Belastingvrye spaarrekeninge

Belastingvrye spaarrekeninge bly onveranderd:

- Bydraes is tans onderhewig aan 'n jaarlikse perk van R33 000 en 'n leeftydperk van R500 000.

- Beleggingsopbrengste, groei en uitbetalings ten opsigte daarvan is belastingvry.

Enige bydrae bo hierdie perke sal aan ’n heffing van 40% onderhewig wees. Hierdie perke moet noukeurig nagegaan word terwyl oordraagbaarheid tussen rekeninge eersdaags ’n werklikheid word.

11. Aftreehervormings

Belasting van bydraes

Sedert 1 Maart 2016 geld die volgende, ooreenkomstig die “T-dag”-belastinghervormings:

- Bydraes deur werkgewers aan alle aftreefondse word as byvoordele in die hande van die werknemerlede belas word.
- Die volle werkgewerbydrae kan deur die werkgewer afgetrek word.
- Die belastingaftrekkings vir lidbydraes is vereenvoudig en verbeter met ’n vaste aftrekking van 27.5% van vergoeding of belasbare inkomste (belasbare kapitaalwins ingesluit), wat ook al die grootste is, met ’n jaarlikse aftrekking van hoogstens R350 000.

Die Wysigingswet op Belastingwette van 2017 het duidelikheid verskaf dat die aftrekking slegs toegepas mag word teen die bedrag van belasbare inkomste voor die byvoeging van belasbare kapitaalwins, en het ook benadruk dat nie-handelsinkomste (soos verpligte annuïteitinkomste) vir die doeleindes van die aftrekking as belasbare inkomste ingesluit word.

Bydraes wat die toelaatbare aftrekkingsperk oorskry, word geag in die volgende jaar gelewer te wees en sal aftrekbaar wees onderhewig aan die perke wat in daardie jaar van toepassing is.

Hierdie oordrag na die volgende jaar sal ook van toepassing wees op surplusbydraes wat voor 1 Maart 2016 aan uittredingannuïteitsfondse en pensioenfondse gelewer is, maar nie op bydraes tot voorsorgfondse voor 1 Maart 2016 nie. Slegs bydraes wat vanaf 1 Maart 2016 aan voorsorgfondse gelewer is en die perk oorskry, sal oorgedra kan word.

Enige bydraes wat nie as aftrekkings gebruik is wanneer die lid die fonds verlaat nie, kan verreken word teen die lid se aftreevoordele by aftrede – eers teen die enkelbedrag en dan teen die annuïteitinkomste.

Annuïtisering van voorsorgfondse

Die T-daghervormings en veral die verbeterde belastingaftrekking het daarop berus dat sekere voorsorgfonds- en voorsorgbewaringsfondslede verplig kon word om ’n annuïteit by aftrede te koop. Die Wysigingswet op Belastingwette van 2017 het hierdie vereiste weer uitgestel – hierdie keer tot Maart 2019. Dit kan egter verder uitgestel word en hierdie saak word tans binne NEDLAC bespreek. ’n Verdere dokument oor omvattende maatskaplike welsyn sal binnekort uitgereik word, en dit behoort te help om ’n beslissende einde aan hierdie debat te bring.

Bewaring van voordele nadat normale aftree-ouderdom bereik is

In 2014 is veranderings aan die Inkomstebelastingwet aangebring wat individue in staat stel om te kies wanneer hulle wil aftree. Dit het beteken dat die enkelbedragvoordeel aan die lid toegeval het op die aftreedatum van die lid se keuse, en nie op die normale aftree-ouderdom nie. ’n Lid kan dus kies om af te tree nadat die normale aftree-ouderdom bereik is, indien die fondsreëls daarvoor voorsiening maak.

Die Wysigingswet op Belastingwette van 2017 het verdere buigsaamheid verleen aan lede wat uit pensioen- en voorsorgfondse aftree, deur te bepaal dat oordragte van aftreevoordele uit hierdie fondse na ’n uittredingannuïteitsfonds met ingang van 1 Maart 2018 toegelaat word, mits die fondsreëls daarvoor voorsiening maak. In hierdie verband word voorgestel dat oordragte na bewaringsfondse ook toegelaat word, met dien verstande dat die lid se eenmalige onttrekking nie in hierdie gevalle toegelaat sal word nie.

Belyning van die toegangsbepalings by emigrasie, tussen UA- en bewaringsfondse

UA-fondslede kan tans hul volle UA-fondsvoordele met emigrasie laat uitbetaal. Daar word voorgestel dat hierdie vergunning ook aan bewaringsfondslede gegee word.

12. “Sondebelasting” en heffings

Die volgende verhogings word voorgestel:

- Belasting op ’n pakkie van 20 sigarette styg met R1.22
- Belasting op ’n blikkie bier (340 ml) styg met 14.66c

- Belasting op wyn (750 ml) styg met 27.75c
- Belasting op spiritualieë styg met R4.80 per bottel (750 ml)

Die regering stel voor dat die algemene brandstofheffing met ingang van 5 April 2017 met 22c per liter verhoog word, en dat die Padongelukfondsheffing met 30c per liter verhoog word. Dit sal die algemene brandstofheffing tot R5.34 per liter petrol en R5.19 per liter diesel opstoot.

Die gesondheidsbevorderingsheffing, wat suikerversoete drankies belas, sal vanaf 1 April 2018 in werking wees. Die belastingkoers sal 2.1c per gram vir suikerinhoud bo 4g per 100 ml wees.

13. Trusts en leningsrekeninge

Waar geen rente gehef word nie of rente teen ’n laer koers as die amptelike rentekoers deur ’n trust betaalbaar gehef is, sal ’n bedrag gelyk aan die verskil tussen die rente betaalbaar deur die trust (as daar is) en die rente wat betaalbaar sou gewees het teen die amptelike rentekoers, as ’n skenking aan die trust hanteer word en dus moontlik aan skenkingsbelasting onderhewig wees. Hierdie afdeling is van toepassing op lenings, krediet of voorskotte aan trusts voor, op of na 1 Maart 2017. Die amptelike rentekoers is in Julie 2017 van 8% na 7.75% verlaag. Die amptelike rentekoers word tans bereken as die repokoers plus 1%.

Daar word voorgestel dat die amptelike rentekoers verhoog word tot ’n vlak wat nader aan die prima rentekoers is.

14. Ander voorstelle

Maatskaplike welsynhervormings

In 2016 het die regering ’n dokument vir kommentaar uitgereik waarin hul planne vir ’n omvattende maatskaplike welsynhervormingsprogram uiteengesit is, en ’n verdere dokument sal binnekort vrygestel word. Die regering se latere uitlatings dui daarop dat hierdie inisiatief nog sterk op die agenda is.

Nasionale Gesondheidsversekering (NGV)

'n Opvolgstuk van die 2011-dokument is in 2016 vrygestel. Die regering het onderneem om 'n dokument met verdere besonderhede uit te reik. Verskeie befondsingsopsies word deur die Davis-belastingkomitee oorweeg – die voorgestelde doelwit is om uiteindelik die stelsel van mediese belastingkrediete te onttrek. In die tussentyd sal die mediese belastingkrediete met 'n laer koers as inflasie verhoog word.

Hervormings in die finansiële sektor

Die hervormings rondom 'n tweeledige finansiële reguleringsmodel (die sogenaamde "Twin Peaks"-model) vir die afsonderlike regulering van omsigtigheid en markgedrag is op dreef, met die wetsontwerp op regulering van die finansiële sektor en versekering wat onlangs bekragtig is. Oor die kort termyn fokus die Raad op Finansiële Dienste (RFD) op spesifieke kwessies rondom markgedrag, soos die beperking van ongeoorloofde geldvloei, finansiële gesondheid van versekeraars, toenemende mededinging, finansiële insluiting, aanpak van oormatige skuld en finansiële ongeletterdheid, transformasie en hantering van die misbruik van verbruikerskredietversekering.

Ander hervormings in die aftreesektor

Nog hervormings wat aan die kom is, sluit in:

- Uitbreiding van dekking na werkers met 'n lae inkomste, moontlik deur outomatiese aansluiting van werknemers by aftreefondse te vereis;
- Om alle openbare aftreefondse binne dieselfde regulatoriese raamwerk te plaas as privaat fondse (d.w.s. hulle moet by die Registrateur van Pensioenfondse registreer en is aan die Wet op Pensioenfondse onderhewig);
- Verdere rasionalisering van die aantal fondse, sodat slegs die kostedoeltreffende fondse oorbly (die reguleerder het blykbaar 'n einddoelwit van minder as 200 oorblywende fondse uit die huidige 1 651);
- Om die koste van aftreefondsprodukte te vereenvoudig en te verminder;
- Om doeltreffende bemiddeling te verseker;
- Modernisering en verbetering van bestuurstoesig ooreenkomstig King IV-standaarde (die King IV-standaard oor korporatiewe toesig is onlangs uitgereik – dit bevat spesifieke praktykstandaarde vir rade van aftreefondse);
- Instelling van spesifieke wetstoepassingsmaatreëls om kriminele en onetiese praktyke uit te roei;

- Bekendstelling van die konsep van ’n sambreelfonds in die Wet op Pensioenfondse sodat hierdie fondse beter gereguleer kan word; en
- Nasionale Tesourie en die RFD moet meer doeltreffende maatreëls skep om begunstigdes van onopgeëiste aandele te vind.

Omgewingsbelasting

Benewens die verkryging van inkomste, is ondersteuning deur die belastingbeleid nodig om die natuurlike omgewing te beskerm en volhoubare gebruik van beperkte bronne te bevorder, met die volgende:

- Die wetsontwerp op koolstofbelasting is in Augustus 2017 aanvaar en sal na verwagting teen einde Desember 2018 bekragtig word. Die regering stel voor dat die belasting vanaf 1 Januarie 2019 ingestel word om sy bydraes, soos landwyd bepaal, volgens die 2015 Parys-ooreenkoms van die Verenigde Nasies se raamwerkkonvensie oor klimaatsverandering te dek.
- Om die rommel te verminder en verbruikers te ontmoedig om plastieksakke te koop. Die heffing op plastieksakke word met 50% tot 12c per sak verhoog vanaf 1 April 2018.
- Die omgewingsheffing op gloeilampe sal van R6 tot R8 verhoog word om mense tot meer energiebesparende gedrag aan te spoor. Dit tree op 1 April 2018 in werking.
- Die koolstofbelasting op voertuie styg vanaf 1 April 2018 met R110 vir elke gram bo 120 g CO_2/km vir passasiersvoertuie en R150 vir elke gram bo 175 g CO_2/km vir dubbelkajuit-voertuie.

Kriptogeld

- Kriptogeld is ’n digitale bate wat as ’n ruilmiddel gebruik word. Dit hou ’n risiko in vir die belastingstelsel, omdat kriptogeld uiters onbestendig is en die volhoubaarheid daarvan onseker is. Terselfdertyd kan die voorraad kriptogeld administratiewe probleme in die BTW-stelsel veroorsaak. Om hierdie kwessies aan te pak, word voorgestel dat die inkomstebelasting- en BTW-wetgewing gewysig word.
- In 2018 sal die Suid-Afrikaanse Reserwebank saam met ander reguleerders in die plaaslike finansiële sektor ’n situasieskrif oor die ontwikkeling van die privaat kriptogeldeenhede uitreik.

Gevolgtrekking

Soos met die vorige twee begrotings, het hierdie begroting weer eens probeer om verskillende en uiteenlopende agendas en ekonomiese werklikhede aan te pak. Teen die agtergrond van ’n onveranderde belastingposisie, sukkelende groei en selfs nog meer finansiële verpligtinge (soos die al hoe swakker begrotingstekort, reddingsboeie vir staatsondernemings, die NGV en hoër onderwys), het minister Gigaba besluit om dit te waag om die BTW-koers te verhoog. Hierdie besluit is geneem met inagneming van die feit dat ons huidige maatskappybelastingkoers vergelykbaar is met portuurlande s'n, en dat individuele belastingbetalers nie nog verdere belastingverhogings kan dra nie.

Die transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomiese landskap – beide die aard van die ekonomie en wie dit besit en beheer – bly ’n belangrike fokus. Onderwys en werkskepping bly egter die kernfokus, soos in beide president Ramaphosa se Staatsrede en minister Gigaba se Begrotingsrede benadruk is.

Dit is vanselfsprekend dat individuele belastingbetalers hul swaarverdiende geld op ’n belastingdoeltreffende wyse moet belê. In hierdie verband lyk die belastingdoeltreffende voordele van aftreefondse en belastingvrye spaarrekeninge selfs nog gunstiger. Dit sou roekeloos wees om die ingewikkelde regulatoriese en beleggingsomgewing sonder finansiële advies te probeer aandurf.

Die regering het onderneem om ’n meer beleggervriendelike omgewing te skep terwyl radikale transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomiese landskap onderneem word. Die minister het op alle Suid-Afrikaners ’n beroep gedoen om *“in onsself die etiese leierskap van Madiba, die onbaatsugtigheid van Albertina Sisulu en die menslikheid van Hugh Masekela te vind”* en dat dit die jaar moet wees van *“hernuwing, herlewing en ’n volgehoue beduidende verandering om inklusiewe ekonomiese groei te bevorder wat werkloosheid, armoede en ongelykheid laat afneem.”*

Hy het ook Old Mutual se terugkeer verwelkom met die woorde dat dit ’n sterk mosie van vertroue in Suid-Afrika is.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE INLIGTING IN HIERDIE OMSENDBRIEF BERUS OP VOORSTELLE SOOS VERVAT IN DIE NASIONALE BEGROTINGSREDE WAT OP 21 FEBRUARIE 2018 IN DIE PARLEMENT GELEWER IS. DIT BLY VOORSTELLE TOTDAT DIE VOORSTELLE FORMEEL IN WETGEWING UITGEVAARDIG WORD.

Inkomstebelasting-berekeningsprogram

Om u maandelikse inkomstebelasting te bereken en dit met verlede jaar s'n te vergelyk, kan u Old Mutual se Inkomstebelasting-berekeningsprogram gebruik, wat bygewerk is om ook die belastingwysigings van toepassing op aftreefondse in te sluit. U sal dus die voordele van die aftreehervormings ten opsigte van u inkomstebelasting kan sien.

Hierdie berekeningsprogram neem u maandelikse inkomste, aftreebydraes, bedrae vir mediese uitgawes en u werkgewer se bydrae tot risikovoordele en aftreefondse in ag. Klik net op die volgende skakel om by die program uit te kom:

https://www.oldmutual.co.za/markets/south-african-budget/income-tax-calculator

Saamgestel deur: Personal Finance Legal & Product Legal
Datum: 21 Februarie 2018